- 9.2.2 Noem EEN buitelandse mark wat 'n afname in toeriste-aankoms toon in 2011 teenoor 2010 en 2012. (1)
- 9.2.3 Bereken die verskil in totale toeriste-aankoms tussen 2011 en 2012. (2)
- 9.2.4 Verduidelik wat jy onder die begrip "buitelandse markandeel" verstaan. (2)

AFDELING E: PLAASLIKE-, STREEKS- EN INTERNASIONALE TOERISME; KOMMUNIKASIE EN KLIENTEDIENS

VRAAG 9

9.1 Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

AANVAL OP DIE WESTGATE WINKELKOMPLEKS MAG DALK KENIAANSE TOERISMEBEDRYF TREF



Op 21 September 2013 het onbekende gewapende mans die luukse Westgate-winkelsentrum in Nairobi, Kenia aangeval. Die aanval wat tot 24 September geduur het, het gelei tot ten minste 72 sterftes en daar is meer as 200 mense beseer.


In Somaliese Islamitiese groep, Al-Shabaab, het verantwoordelikhed vir die voorval aanvaar en het verklaar dat die aanval "net die premiere van Toneel 1" was. Al-Shabaab het gesê hulle doel met die aanval is, om te eis dat Kenia sy troepe uit Somalie onttrek. Keniaanse troepe is in Somalie in 2011 ontplooi om op te tree teen Al-Shabaab wat deur Nairobi beskuldig is van aanvalle en ontvoerings in Kenia se oostelike gebied en kuslyn.

'n Groot persentasie van Kenia se ekonomie is afhanklik van die toerismebedryf. Toeriste reis duisende kilometers ver om die land se wildreservate te besoek. Vorige aanvalle in Nairobi het negatiewe gevolge vir Kenia se toerismebedryf gehad. Daarom is waarnemers van mening dat die Westgate Winkelkompleks-aanval dieselfde effek mag hê.

(Vrylik vertaal in Afrikaans)
[Bron: www.ventures-africa.com]

- 9.1.1 Identifiseer die tipe politieke situasie soos beskryf in die uittreksel. (1)
- 9.1.2 Verduidelik wat jy onder die konsep "politieke situasies" verstaan. (2)
- 9.1.3 Haal 'n frase aan uit die leesstuk wat daarop dui dat toekomstige aanvalle in Kenia verwyg kan word. (2)
- 9.1.4 Gee DRIE negatiewe gevolge wat die Westgate Winkelentrumsaanval op internasionale toeriste se beplanning om na Kenia te kom, mag hê. (3 x 2)

- 8.2.1 Verduidelik wat jy onder die term *Korporatiewe Maatskappike Belegging (CSI)* verstaan. (2)
- 8.2.2 Stel voor hoe die bou van 'n administratiewe blok tot voordeel van Hoërskool Dumisani kan wees. (2)
- 8.2.3 Bespreek TWEE voordele wat hierdie skenking vir SANParke in the Cork Village gemeenskap inhou. (2)
- 8.3 Bestudeer die diagram en foto hieronder en beantwoord die vrae wat volg. (2)



- 8.3.1 Die diagram hierbo toon die pilare van Regverdige Handel in Toerisme (Fair Trade in Tourism South Africa) (FTTSA) Onderskei tussen die onderstaande pilare: (2)
- (a) Deursigtigheid (2)
- (b) Respek (2)
- 8.3.2 Identifiseer die pilaar wat deur die foto van die kinders hierbo, weerspieël word. (1)
- 8.3.3 Gee EEN voordeel vir 'n besigheid indien dit FTTSA geakkrediteerd is. (2)

TOTAAL AFDELING D: 30
[25]

- 8.1.3 Met die voltooiing van Nkanya Lodge sal dit as 'n omgewingsbewuste bestemming bekend staan.
 - 8.1.4 Die koerantberig verwys na "groen"-hotel en "groen"-beginsels.
- (2)
- Verduidelik die betekenis van die woord "groen" soos gebruik in hierdie konteks.
- (2)
- 8.2 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

SANPARK Loods GEMEENSKAP BEGUNSTIGDE PROJIE




MPUMALANGA – Suid-Afrikaanse Nasionale Parke (SANParke) het op 25 Oktober, amptelik sy eerste natienskap, korporatiewe Maatskaplike Belegging (CSI)-projek in Cork Village in Mpumalanga, op die grens van die Kruger Nasionale Park (KNP) geleods.

Die bekendstelling is deel van SANParke se sosiale ekologieprogram – dit is begin om die bestuur van beskermde gebiede in die rigting van 'n geïntegreerde benadering te verander.

SANParke se uitvoerende hoof, Dr David Mabunda het by die soolleging vir 'n administratiewe blok by Hoërskool Dumisani in Cork Village 'n toespraak gelewer. Die skool, geleë op die grens van die KNP, is die eerste begunstigde van die SANParke CSI-projek. David sê die nuwe benadering verseker dat die stigting wedersydse voordelige vennootskappe tussen plaaslike inwoners en hul naburige nasionale parke bevorder.

Volgens David is 'n toegewyde gemeenskaphetting (1% Gemeenskaphetting op alle besprekings, ingestel in 2011) om SANParke se tasbare voordeel aan gemeenskappe wat langs nasionale parke woon, ingestel om die verbetering van hul lewensomstandighede te verseker. SANParke sal hulpbronne baie in die vestiging van natienskapsprojekte in gemeenskappe, veral in landelike gebiede.

"Dit sal ondersteuning soos voorsiening van infrastruktuur en verwante hulpbronne op die gebiede van onderwys, jeugontwikkeling, gesondheids- en ander gebiede soos geïdentifiseer deur belanghebbendes insluit."

[Bron: <http://sanpark.co.za>]

VRAAG 8

8.1 Lees die volgende koerantberig en beantwoord die vrae wat volg.

**DORPENARS SE DROME VERWENSELIK MET PLANNE
VIR “GROEN” HOTEL**

Konstruksiewerk aan ’n luukse R50-miljoen hotel by ’n Wildekus-riviermonding, wat geheel en al volgens groenbeginsels bedryf sal word, sal aan die einde van hierdie maand begin. Die 100-kamer Nkanya Lodge sal in die dorp Qatya op die Nkanya-rivier geleë wees. Volgens die Oos-Kaapse Ontwikkelingskorporasie (ECDC)-projekbestuurder, Phakamisa George, is die idee vir die hotel naby die rivier en see afkomstig van vier Nkanya-dorpsbewoners wat die ECDC ’n paar jaar gelede om finansiële steun genader het.

Ellaine Gogo, dogter van een van die inwoners, wat ongelukkig oorlede is voordat hy kon sien hoe sy droom van ’n hotel langs die Nkanya-riviermonding bewaarheid word, het gesê dat sy baie opgewonde is dat die hotel wat haar pa gevisualiseer het toe hy die grond in 1985 gekoop het, besig is om ’n werklikheid te word. Gogo het haar pa gehelp om die ECDC vir befondsing te nader, maar hy het gestert, voordat sy droom verwesenlik kon word. Befondsing vir die hotel sal van die Nasionale Bemagtigingsfonds (NEF) en die Industriële Ontwikkelingskorporasie (IDC) kom.

George het gesê dat die hotel se krag deur vier windturbines en sonpanele opgewek sal word en gebruikte water hergebruik sal word en daar sal ook ’n eko-vriendelike rioolstelsel wees.

Gogo het gesê haar pa sou opgewonde gewees het oor die plaaslike bevolking, wat sy beskryf as “die armstes van die armes”, wat voordeel sal trek in die vorm van werksgeleenthede en opheffing van die gemeenskap en dat hul lewenslange droom van ’n “groen hotel” vervul sal word.

(Vrylik vertaal in Afrikaans)
[Bron: www.weekendpost.co.za]

8.1.1 Indien die Nkanya Lodge as ’n volhoubare toeristebestemming gesien sou word, moet dit aan die driedubbale slotreël voldoen.

Noem die DRIE pilare van volhoubare-toerisme en voorsien by elk ’n voorbeeld vanuit die koerantberig.

8.1.2 (a) Identifiseer EEN van die rolspelers wat by die Nkanya Lodge ontwikkeling betrokke is.

(b) Noem die verantwoordelikhede van hierdie rolspeler.

AFDELING D: TOERISME SEKTOR – VOLHOUBARE EN VERANTWOORDELIKE TOERISME

VRAAG 7

Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



Nomvuyo is onlangs as 'n ontvangsdame by 'n private wildreservaat in die Oos-Kaap aangestel. Sy werk lang ure en dit word van haar verwag om oor naweke en openbare vakansiedae te werk.

Nomvuyo het by die lodge verblyf gekry. Sy word toegelaat om oor naweke, wanneer sy af is, huis toe te gaan. Haar werksure is 07:00 tot 19:00.

Dikwels het sy nie 'n middagagete-breek nie, aangesien sy tydens piektye met toeriste besig is. Sy word van 'n uniform voorsien en daar word van haar verwag om te alle tye netjies en fatsoenlik te wees. Die lodge is trots daarop om uitstekende klientediens te lewer.

- 7.1 Noem is die naam van die amptelike dokument waarin Nomvuyo se indiensnemingvoorwaardes gestipuleer word. (1)
- 7.2 Dit is noodsaaklik dat Nomvuyo 'n dienskontrak onderteken voordat sy haar nuwe werk by die lodge begin. (1)
- 7.3 Stel EEN rede voor om hierdie stelling te ondersteun. (1)
- 7.3.1 Nomvuyo moet ook die gedragkode van die lodge ontvang voordat sy haar nuwe werk begin. (2)
- 7.3.2 Verduidelik wat die nut van 'n gedragkode is. (2)
- 7.3.2 Noem EEN reël wat by 'n gedragkode ingesluit kan word. (1)

[5]

6.5 Identifiseer 'n woord uit die uittreksel wat verwys na 'n mark wat nog nie baie aanloklik is nie, maar potensiaal toon. (1)

6.6 "... Suid-Afrika se algemene internasionale toeriste-aankomsgroei was 10,2% in 2012."

Stel EEN positiewe impak wat die minister se aankondiging op Suid-Afrika se ekonomie sal hê, voor. (1)

6.7 Die instandhouding en verbetering van fasiliteite en dienste aan toeriste kan SA Toerisme se kernverantwoordelikhed om Suid-Afrika as internasionale toeristebestemming te bemark, help.

Verduidelik hoe die volgende bedryfsvoorbeelde 'n bydrae lewer tot die uitvoer van SA Toerisme se bemarkingsbelofte:

6.7.1 Die ETEYA-Toekennings (2)

6.7.2 Die TGSSA (TGCSA) (2)

[12]

TOTAAL AFDELING C: 50

VRAAG 6

Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**SA TOERISME BEMARKINGSPOGINGS BEREIK EEN MILJARD
VERBRUIKERS**

Toespraak deur minister Marthinus Van Schalkwyk, 12 Mei 2013

Tydens Saterdagand se glansryke openingseremonie van die 2013 Toerisme-
indaba by die Inkosi Albert Luthuli Internasionale Konferensiesentrum in Durban,
het die minister gesê dat Suid-Afrika se algehele internasionale toeristegroei
10,2% in 2012 was.

"Dit was teen 'n gemiddelde globale bedryfsgroei van 4%. Ons is besig om tot 'n
voorkeurtoeristebestemming te groei, met 'n groot verskeidenheid van unieke
ervarings om te bied."

"Maar, natuurlik het dit nie net in ons skote geval nie. Ons moes harder as ooit
werk om groei te handhaaf en voornemende reisigers aan te moedig om aksie te
neem op die saad van inspirasie wat ons deur middel van ons verskeie
handelsmerk en bemarkingspogings gesaai het."

"Ons handelsmerkboodskap op TV-kanale soos *National Geographic* en *CNN
International* het ons verlede jaar in staat gestel om meer as een miljard
verbruikers te bereik. Ons video, banier en teksadvertensies was meer as
1,1 miljard keer aan ons teikengehore vertoon. Dit was aanvullend tot ons
aanlynvennootskappe met onder andere *Expedia*, *Facebook*, *TripAdvisor* en
WAZN.com."

"Om groei verder te versterk, het ons kernmarkte, beleggingsmarkte en taktiese
markte regoor Suider-Afrika, die Amerikas, Asië en Australasië, sowel as Europa
geïdentifiseer. Ons besef dat wanneer ons 'n mark betree, ons hard moet werk
om sukses te behaal, en dat dit altyd 'n vennootskap is. Dit is waarom SAT in
die komende jaar volwaardige kantore in Brasilië, Angola, Kenia en Nigerië sal
open."

(Vrylik vertaal in Afrikaans)
[Bron: www.info.gov.za]

- 6.1 Identifiseer die reishandelskou waartydens die minister van toerisme as gasspreker opgetree het. (1)
- 6.2 Gee 'n kort verduideliking van die Getaway-uitstalling. Noem TWEE faktore. (2 x 1) (2)
- 6.3 Gee EEN rede waarom dit belangrik is om Suid-Afrika as toeristebestemming te bemark. (1)
- 6.4 Noem TWEE verskillende hoofstroommediabemarkingsmetodes, soos vermeld in die uittreksel, wat deur SAT suksesvol gebruik is om voornemende toeriste te bereik en hulle aan te moedig om Suid-Afrika as hul voorkeurtoeristebestemming te kies. (2 x 1) (2)

5.6 Om as terrein in die Wêrelderfenislys opgeteken te word, moet die terrein aan minstens een van UNESCO se tien keuringskriteria voldoen.

Bestudeer die uittreksel soos geneem uit UNESCO se keuringskriteria en identifiseer EEN kriteria waaraan die terrein, soos beskryf in die strokiesprent, voldoen het, ten einde te kwalifiseer om by die lys van Wêrelderfenisterreine gevoeg te word. Skryf SLEGS die letter van jou keuse in jou ANTWOORDEBOEK neer.

(a)	'n Belangrike wisselwerking tussen menslike waardes oor 'n tydperk of binne 'n kulturele gebied van die wêreld toon ten opsigte van ontwikkeling in argitektuur of tegnologie; monumentale kuns, stadsbeplanning of landskapontwerp.
(b)	'n Unieke of ten minste buitengewone getuienis wees van 'n kulturele tradisie of 'n samelewing wat tans bestaan of verdwyn het.
(c)	'n Uitstaande voorbeeld van 'n tradisionele menslike nedersetting, grondgebruik of seegebruik wees wat 'n kultuur (of kulture), of menslike interaksie met die omgewing verteenwoordig, veral wanneer dit kwesbaar is onder die impak van onomkeerbare verandering.


(2)

5.7 'n Wêrelderfenisterrein voeg waarde by tot die toerismebedryf van die land waarin dit geleë is.

Verskat TWEE redes om bogenoemde stelling te ondersteun. (2 x 2) (4) [14]

VRAAG 5

Bestudeer die logo en strokiesprent en beantwoord die vrae wat volg.



- 5.1 Skryf die volle betekenis van die akroniem UNESCO uit. (2)
- 5.2 Voltooi die sin deur die ontbrekende woorde in te vul: UNESCO erken plekke regoor die wêreld wat van buitengewone erniswaarde is. UNESCO 5.2.1 ... en 5.2.2 ... dit vir die nageslag. (2)
- 5.3 Identifiseer die Suid-Afrikaanse Wêrelderfenisterrein wat in die strokiesprent beskryf word. (1)
- 5.4 Watter wêreldbekende paleontologies-fossiel is by hierdie Wêrelderfenisterrein ontdek? (1)
- 5.5 Gee die name van TWEF natuurlike Wêrelderfenisterreine in Suid-Afrika. (2)

4.2 Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae.

Gold Reef City, Johannesburg



TripAdvisor.com is 'n reiswebwerf wat kliënte help met die insameling van reis-inligting, plaas van resensies en menings oor reisverwante inhoud en betrokke is by interaktiewe reisforums.

'n Kliëntresensie oor Gold Reef City Pretpark:

“Pret, maar 'n teleurstellende attraksie!”

Hersien 28 Augustus, 2012

Ek het uitgesien na 'n besoek aan Gold Reef City, aangesien ek van temparke hou. Ek kan nie sry dat die ritte pret was nie, maar die algehele ervaring was ietwat teleurstellend.

Die plek word nie baie goed instand gehou nie, baie van die ritte is gesluit vir herstelwerk. Die werkende ritte is nie in 'n uitstekende toestand nie, die kleur is verbleik, sommige is veronderstel om deur voorstellings van riviere of klein mere omring te word, maar tans is daar net kolle walglike staande water.

Die kassiere, wat ons geld neem, moet soms glimlag en vriendelik met die besoekers wees! Al die kosatsetpunte lewer skokkende diens (1 uur om koffie te bestel, te drink en te betaal) en die kwaliteit van die kos is nie na wense nie. Or die algemeen benodig Gold Reef City 'n GOEIE skoonmaak, rommel is oral. 'n Finale opmerking, pas jou waardevolle items op ...

Hierdie attraksie het baie potensiaal, indien dit behoorlik instand gehou word.

(Vrylik vertaal in Afrikaans)
[Bron: <http://www.tripadvisor.com>]

Uitstekende bemarking van toerisme-produkte plaaslik en/of internasionaal asook inagneming van die behoeftes van mense met gestremdhede, is maar twee faktore wat bydra tot die sukses van 'n toeriste-aantreklikheid.

Die negatiewe kliënte-resensie in die uittreksel kan lei tot die afname in besoekers by Gold Reef City.

Verskat nog DRIE ander faktore uit die uittreksel, wat deur die bestuur van Gold Reef City aangespreek moet word, ten einde die toekomstige sukses van Gold Reef City as 'n toeriste-attraksie te verseker. (3 x 2)

[24]
(6)

4.1.1 Omskryf die begrip "ikoon". (2)

4.1.2 Gebruik die kaart en foto's op bladsy 16:

(a) Identifiseer die ikone gemerk **A**, **B** en **D**. (3 x 1) (3)

(b) Gee die naam van die stad of dorp waar die ikone, gemerk **A**, **B** en **D**, geleë is. (3 x 1) (3)


4.1.3 Verskat DRIE interessante feite wat mnr. en mev. Fitzpatrick kon beïnvloed het in hul keuse om die volgende ikone te besoek:

(a) Die ikoon in die stad gemerk **C**, in Italië. (3)

(b) Die wêreldikoon in die stad gemerk **E**, in Egipte. (3)

4.1.4 Die ikoon gemerk **B** in Frankryk is die gewildste toeristaantreklikheid in die wêreld wat toegangstooie vra. Sedert die opening in 1889 het dit 200 miljoen besoekers ontvang. In 2012 is die totale aantal besoekers as 7,1 miljoen aangestek.

Bestudeer die onderstaande sirkeldiagram wat die redes waarom die toeriste hierdie ikoon in 2012 besoek het, aandui. Dit word as n persentasie teenoor die totale bywoning aangedui.



(a) Gebruik die sirkeldiagram en identifiseer die persentasie van die totale bywoning waarvan mnr. en mev. Fitzpatrick deel sal wees wanneer hulle hierdie ikoon besoek. (1)

(b) Bespreek wat die ikoon se besoekerstatistiek vir Frankryk se ekonomiese groei sal beteken. (3 x 1) (3)

AFDELING C: TOERISME ATTRAKSIES – KULTUR- EN ERFENISSTOERISME; BEMARKING

VRAAG 4

4.1 Mnr. en mev. Fitzpatrick van Dublin, Ierland gaan eersdaags op hul droomvakansie na die Verenigde Koninkryk, Frankryk, Italië, Jordanië en Egipte vertrek. Die hoogtepunt van hul toer sal wees om 'n wêreldkoon in elke land te besoek. Bestudeer die foto's en kaart van die wêreldkone wat hulle sal besoek en beantwoord die vrae wat volg.



VRAAG 3

Lees die gevallestudie deeglik deur om die onderstaande vrae te beantwoord. Toon alle berekeninge.

Mnr. Dlamini sal R25 000 sakgeld vir die reis saamneem (soos verwys in die leesstuk by VRAAG 2.1). Sy maatskappy het vooraf die vlugte en akkommodasie betaal. Mnr. Langdon sal R15 000 sakgeld saamneem. Wisselkoerse is soos volg:		
GELDEENHEID	BAK	BVK
VSA dollar (USD \$)	9,73	10,05
Argentynse peso (ARS \$)	1,69	1,72

3.1 Voor sy vertrek wissel mnr. Dlamini R10 000 vir Argentynse peso.

3.1.1 Gebruik die *bureau de change* die Bankaankoopkoers (BAK), of die Bankverkoopkoers (BVK) om sy rande te wissel? (1)

3.1.2 Bereken hoeveel Argentynse peso hy vir sy R10 000 sal ontvang. (3)

3.2 Mnr. Dlamini wissel die oorblywende R15 000 van sy geld vir VSA dollars.

3.2.1 Bereken hoeveel VSA dollars hy vir sy R15 000 sal ontvang. (3)

3.2.2 Met sy terugkoms het mnr. Dlamini USD \$100 oor wat hy graag vir ZAR wil wissel. Bereken hoeveel hy in ZAR sal ontvang. (3)

[10]

50 TOTAAL AFDELING B:

- 2.5 Hierdie mans benodig ook 'n ander reisdokument vir hul internasionale reis, bo en behalwe die visum.
- 2.5.1 Noem hierdie dokument. (1)
- 2.5.2 Gee aan hulle raad oor waar hulle vir hierdie reisdokument, soos genoem in VRAAG 2.5.1 moet aansoek doen. (1)
- 2.6 Mnr. Langdon doen tydens sy besoek inkopies. Hy koop 'n 100 ml bottel parfuum vir sy vrou en 3 liter Kaliforniese wyn vir homself. Hy pak dit as bagasie in sy tas.
- 2.6.1 Met mnr. Langdon se aankoms by doeanes, moet hy die groen of rooi uitgang volg? (1)
- 2.6.2 Motiveer jou antwoord in VRAAG 2.6.1. (2)
- 2.7 Die toeris se veiligheid is vir die toerismebedryf van 'n land baie belangrik. Gee TWEE voorbeelde van advies wat aan mnr. Dlamini gerig kan word ten opsigte van veiligheidsvoorsorgmaatreëls wat op lughawens nagekom moet word. (2)
- 2.8 As daar 'n geleentheid is, sal mnr. Dlamini graag tyd wil spandeer aan die besigtiging van aantrekkingspunte in Suid-Amerika. Een van die plekke wat hy graag sal wil besoek is Manaus in die hart van die Amasone-woud in Brasilië.
- 2.8.1 Watter inenting en/of medikasie word verlang, voordat hy Manaus mag besoek? (2)
- 2.8.2 Noem EEN plek waarheen mnr. Dlamini kan gaan, ten einde hierdie inenting en/of medikasie te ontvang. (1)

[40]

(1)

(2)

(2)


(2)

(1)

(1)

(1)

- 2.1 Me. Naidoo, mnr. Diamini se sekretaresse, moet die fabriek in Buenos Aires en Dallas skakel om afsprake vir mnr. Diamini en mnr. Langdon se besoek te maak. Sy sal die oproepe op Dinsdag, 17 Junie om 16:00 maak.
- Onthou dat Buenos Aires nie Dagligbesparingsyd (DBT) gebruik nie, maar die USA wel.
- 2.1.1 Gee TWEE voordele vir die gebruik van Dagligbesparingsyd (DBT) vir 'n land. (2)
- 2.1.2 Bereken die dag en tyd wat die oproepe van Me. Naidoo ontvang sal word in: (a) Buenos Aires (4) (b) Dallas (5)
- 2.2 Mnr. Diamini moet 'n telefoonoproep maak na me. Naidoo in Johannesburg vanat die fabriek in Dallas tydens sy besoek. Hy maak hierdie oproep op Woensdag, 2 Julie om 12:00.
- 2.2.1 Bereken die dag en tyd wat me. Naidoo hierdie oproep in Suid-Afrika sal ontvang. (3)
- 2.2.2 Is hierdie tyd 'n geskikte tyd van die dag om me. Naidoo by haar werk te skakel? Gee motivering vir jou antwoord. (2)
- 2.2.3 Bereken die dag en aankomstyd van Vlug SA 208 in Johannesburg. (5)
- 2.3 Met mnr. Diamini se terugkeer na Suid-Afrika, sal sy vlug 18 uur 45 minute duur. Hy sal waarskynlik aan vlugvoosheid ly.
- 2.3.1 Lys DRIE simptome wat hy sal ervaar. (3)
- 2.3.2 Gee DRIE voorbeelde van advies wat hy vooraf en gedurende die vlug kan toepas, om vlugvoosheid te vermy. (3)
- 2.4 Mnr. Diamini benodig nie 'n visum om Buenos Aires te besoek nie, maar wel om die USA te besoek.
- 2.4.1 Verduidelik die begrip "visum". (2)
- 2.4.2 Noem die tipe visum wat deur hierdie reisigers benodig word om die USA te besoek. (1)




**AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING – BUITELANDSE
VALUTAVERHANDELING**

VRAAG 2


Lees die gevallestudie deeglik deur en gebruik die wêreldtydsonekaart wat voorsien word, om die onderstaande vrae te beantwoord. Toon alle berekeninge.

Mr. Diamini werk vir 'n maatskappy in die motorbedryf in Johannesburg, Suid-Afrika. Hy is onlangs as die direkteur vir Noord- en Suid-Amerika aangestel. Hy moet die fabriek in Buenos Aires – Argentinië en Dallas – USA, met wie hy werksaam gaan wees, besoek. Sy adjunkdirekteur, mnr. Langdon, sal saam met hom reis.

Hulle vlieg vanaf OR Tambo-Internasionale Lughawe, Johannesburg op Sondag, 22 Junie 2014 om 10:00 na Buenos Aires, Argentinië op Vlug SA 222. Die vlug sal 10 uur en 30 minute duur. Hulle sal 'n week in Buenos Aires spandeer en sal dan na Dallas, USA vlieg. Hulle sal ook 'n week in Dallas spandeer en daarna op Sondag, 6 Julie 2014 om 20:00 op Vlug SA 208 na Johannesburg terugkeer. Die vlugtyd vir hierdie vlug is 18 uur 45 minute.



1.5 Bestudeer die voorstellings van verskillende betalingsvorme. Kies die voorstelling wat die beste by die onderstaande beskrywing pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.5) in die ANTWOORDEBOEK nêr, bv. 1.5.6 G.



1.5.1 Hierdie 24-ur per dag, wêreldwye kommunikasie-netwerk maak dit vir banke moontlik om boodskappe van banktransaksies veilig te stuur en te ontvang.

1.5.2 Hierdie vorm van betaling het 'n magnetiese band en word deur 'n finansiële maatskappy uitgereik. Die houër het die keuse om geld by die uitreikmaatskappy te leen.

1.5.3 Voorafgedrukte vorm van betaling wat deur 'n finansiële instansie vir 'n vaste bedrag in verskillende denominasies uitgereik word. Nadat dit deur die houër onderteken is, kan dit vir buitelandse valuta van die land waar jy jou bevind, gewissel word.

1.5.4 Hierdie vorm van betaling word deur 'n sekuriteits-PIN-kode beskerm en word nie aan 'n bankrekening gekoppel nie. Indien dit gesteel word, kan dit vervang word.

1.5.5 'n Veilige en betroubare stelsel om fondse outomaties van een bankrekening na 'n ander oor te dra deur die internetbankdiensstelsel, sonder dat enige banknote hanteer word.


(5)

40 TOTAAL AFDELING A:

- 1.4.1 (DWARSE) Die bouvalle van 'n groot antieke stad, Maya. 'n Trap-piramide bekend as El Castillo (die kasteel).
- 1.4.2 (AF) Een van die pragtigste geboue ter wêreld, opgerig deur 'n Indiese heerser ter nagedagtenis aan sy vrou as toonbeeld van sy oneindige liefde vir haar. Hierdie agthoekige monument is heiltemal van wit marmar gebou.
- 1.4.3 (AF) Konstruksie, spesifiek die dakontwerp, maak van hierdie attraksie 'n argitektoniese meesterstuk. Die verwelkome gestig in Sydney-hawe.
- 1.4.4 (DWARSE) Die terrein in Jerusalem waarna Joodse pelgrims van regoor die wêreld kom vir gebed. Gebede word op stukkie papier geskryf en in die muurkake geplaas.
- 1.4.5 (DWARSE) Vantevore gebruik as 'n markplein, maar het bekend geword vir militêre parades wat gehou is om die mag van die Kremlyn aan die wêreld te vertoon.

(5 x 1)

LEIDRADE:



Voltooi die onderstaande blokkiesraaisel. Ignoreer spasies indien die antwoord uit meer as een woord bestaan. Skryf slegs die korrekte antwoord langs die vraagnummer (1.4.1-1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer by. 1.4.6 Leunende Toring van Pisa.

1.4

1.3 Kies 'n term wat in die onderstaande lys gegee word wat die onderstaande beskrywings die beste beskryf. Skryf slegs die term langs die vraagnummer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

IDL; visum; belangstellings; bankverkoopkoers; sterk; bagasie-toelae;
DBT; swak; bankaankoopkoers; paspoort

- 1.3.1 'n Dokument wat deur die nasionale regering uitgereik word wat die identiteit en nasionaliteit van die dokumenthouer bevestig
- 1.3.2 Hierdie inligting moet deel uitmaak van 'n toerissteprofiel sodat 'n toerorganiseerder 'n toerplan kan opstel
- 1.3.3 Hierdie praktyk behels die aanpassing van die standaardtyd van 'n land vir 'n gedeelte van 'n jaar, hoofsaaklik om ekonomiese redes
- 1.3.4 Hierdie posisie van die rand in verhouding tot ander buitelandse geldeenheide maak dit ekonomies beter vir Suid-Afrikaners om oorsese reise te onderneem
- 1.3.5 Hierdie koers wat deur banke en ander instansies aan reisigers met die verkoop van buitelandse valuta aangebied, word sal altyd hoër wees sodat die bank 'n wins kan maak

(5) (5 x 1)

1.2 Kies 'n beskrywing in KOLOM B wat die foto in KOLOM A die beste beskryf. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.6 F.

KOLOM B	KOLOM A
<p>A Avis glo dat die veragtinge van kliente deur die voorkoms van 'n besigheid beïnvloed sal word</p>	<p>1.2.1 </p>
<p>B Dit is elke werknemer van Avis se verantwoordelikheid om die besigheid te verteenwoordig deur 'n professionele beeld uit te dra</p>	<p>1.2.2 </p>
<p>C Avis is bekend vir hul hoë standaard van dienstelevering in die bedryf en sal voortgaan om een van Suid-Afrika se ware klient-georiënteerde organisasies te bly</p>	<p>1.2.3 </p>
<p>D <i>Probeer harder</i> is 'n gesindheid en belofte wat deur elke werknemer van Avis gemaak word, wat die verskil maak tussen hulle en hul opposisie. Dit dra by tot die feit dat Avis die topposisie in die motorhuurbedryf beklee</p>	<p>1.2.4 </p>
<p>E Avis ondersteun die Wilderness Leierskapskool, waar jong mense blootgestel word aan positiewe buitelewe ervarings en daardur omgewingsbewustheid kweek en hul met 'n liefde vir die natuur besiel</p>	<p>1.2.5 </p>

(5 x 1)

(5)

1.1.17 Die stad waar die onderstaande konferensie in 2013 gehou is:



- A Cancun
- B Durban
- C Doha
- D Warschau

1.1.18 Voorsien die Nasionale Departement van Toerisme met statistieke wat hul in staat stel om toerisme-tendense te identifiseer:

- A TOMSA
- B STATSSA
- C TBCSA
- D ITB

1.1.19 Wanneer tydsonrekeninge gedoen word en vliegtyd in ag geneem moet word om die aankomstyd van 'n vlug by die bestemming te bepaal, moet jy die vliegtuig ...

- A byvoeg.
- B aftrek.
- C vermengvuldig.
- D deel.

1.1.20 Hierdie stad sal die gashoofstad vir die Internasionale Olimpiese Komitee se Somerspele in 2016 wees:

- A Kaapstad
- B Stockholm
- C Rio de Janeiro
- D Buenos Aires

(20 x 1) (20)

- 1.1.12 Die tydsverskil tussen Beijing en Londen is ...
 A 18 uur.
 B 3 uur.
 C 8 uur.
 D 6 uur.
- 1.1.13 Ekotoeriste kan die Richtersveld Kulturele- en Botaniese Landskap besoek in ...
 A Limpopo.
 B Noord-Kaap.
 C Wes-Kaap.
 D Vrystaat.
- 1.1.14 Landmarkte is marke waar ten minste ... van sy aankomste in Suid-Afrika met padvervoer is.
 A 60%
 B 30%
 C 70%
 D 50%
- 1.1.15 Die volgende is 'n voorbeeld van 'n onvoorspelbare gebeurtenis:
 A Die dodetal in die Siriese burgeroorlog het die 100 000 merk verbygesteek
 B Spanje se oorwinning in die 2010-FIFA Wêreldbeker-sokkefinaal
 C Die Marikana-myners se staking het 44 sterftes tot gevolg gehad
 D Die uitbreek van die nuwe voëlgriepvirus A (H7N9) is in Sjina aangemeld
- 1.1.16 Hoe laat is dit in Sydney, Australië as dit 10:00 in Suid-Afrika is?
 A 6 nm.
 B 18:00
 C 02:00
 D 2 vm.

1.1.6 Die Lilizela Toerisme-toekennings, ingestel in 2013, beloon en vier uitnemendheid in die toeristebedryf vir ...

- A universele toegang.
- B volhoubaarheid.
- C diensuitnemendheid.
- D Al bogenoemde

1.1.7 'n Bepaalde bedrag geld wat 'n Suid-Afrikaanse burger, wat na die buiteland reis, vir buitelandse valuta in 'n kalenderjaar kan wissel:

- A Reistoelae
- B Buitelandse valuta
- C Beleggingsstoelae
- D Doeanevry-items

1.1.8 Hierdie wêreldkoon in Nepal is ook 'n UNESCO Wêrelderfenisterrein:

- A Die Algarve
- B Berg Everest
- C Die Parthenon
- D Venesie

1.1.9 Watter van die volgende word as doeanevry-items deur SARS beskou?

- A 2 maande voorraad medisyne vir persoonlike gebruik
- B 1 kg biltong/gedroogde vleis
- C 1 renosterhoring wat 1,3 kg weeg
- D Tot 2 liter wyn

1.1.10 Mnr. Naidoo gaan na Londen reis en wil R50 000 vir GBP (GB£) wissel. Die wisselkoers ten tye van die omskakeling is 16,45. Hoeveel pond sal hy ontvang?

- A £3 039,51
- B £816 000,00
- C £3 063,72
- D £822 500,00

1.1.11 'n Dokument wat riglyne gee vir aanvaarbare optrede of protokol in die werksplek:

- A Werkskontrak
- B Gedragskode
- C Omgewings- en klientediensbeide
- D Basiese diensvoorwaardes

AFDELING A: KORTVRAE

VRAAG 1

- 1.1 Vier opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnummer (1.1.1–1.1.20) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv.1.1.21 A.
- 1.1.1 Die reisdokument wat reisigers toelaat om oor te klim in 'n land, op pad na 'n ander land toe:
- A Toeristewisum
B Privaatwisum
C Deurgangswisum
D Welwillendheidswisum
- 1.1.2 Hierdie wêreldikoon is die beste voorbeeld van menslike wreedheid teenoor ander gedurende oorlogstyd:
- A Berlynse-muur
B Die Kolosseum
C Die Kremlin
D Auschwitz
- 1.1.3 Watter EEN van die volgende sal nie by die diensvoorwaardes, wat deur 'n werker in die gasvryheidsbedryf by indiensneming onderteken moet word, ingesluit wees nie, wanneer hy/sy begin werk?
- A Vergoeding
B Reisoordele
C Persoonlike higiëne en versorging
D Professionele verantwoordbaarheid
- 1.1.4 Die slagspreuk vir bemerking van Suid-Afrika se handelsmerk wat in 2012 geloods is:
- A "More than you can imagine"
B "Inspiring new ways"
C "It's possible"
D "Alive With Possibility"
- 1.1.5 Die wêreldgesondheidsorganisasie wat hoofsaklik betrokke by openbare gesondheid is:
- A IAMAT
B UNESCO
C FTSA
D WHO

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings.
2. ALLE vrae in AFDELING A, B, C, D en E is VERPLIGTEND.
3. Begin elke VRAAG op 'n NUWE bladsy.
4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Skryf netjies en leesbaar.
6. Die volgende tabel is 'n riglyn om jou te help om jou tyd volgens elke afdeling in te deel.

AFDELING	VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	TYD
A	1	Kortrae	40 punte	20 minute
	2	Kaartwerk en Toerbeplanning	50 punte	50 minute
B	3	Buitelandse Valutaverhandeling		
C	4	Toerisme Attraksies	50 punte	50 minute
	5	Kultuur- en Erfenis-toerisme		
	6	Bemaking		
D	7	Toerisme Sektoere	30 punte	30 minute
	8	Volhoubare en Verantwoordelike Toerisme		
E	9	Plaaslike-, Streeks- en Internasionale Toerisme	30 punte	30 minute
	10	Kommunikasie en Kliëntediens		

Hierdie vraestel bestaan uit 29 bladsye.



TYD: 3 uur

PUNTE: 200

TOERISME

SEPTEMBER 2014

GRAAD 12

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

